trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 13 MEI 2018

OGGEND 09:00

PRYS DIE HERE OMDAT HY ONS HERSTEL, HEELMAAK EN VERSAMEL

Skriflesing: Psalm 147

Alles is nie gemaak om te hou nie. Soveel goed wat ons besit breek of raak weg. Om iets te herstel of op te spoor, kos dikwels geld, tyd en moeite. Ons gebrokenheid en verlorenheid is iets wat nie deur geld reggemaak kan word nie. Christus het ons kom herstel en versamel om uiteindelik by ons permanente woning uit te kom. Dit is die rede dat ons kan uitroep – Prys die Here!

AAND 18:00

DIE GESAG VAN DIE SKRIF

Kan die Bybel homself weerspreek? Is daar foute in die Bybel? Word daar boeke weggesteek wat eintlik in die Bybel hoort? Hoekom erken ons nie dat die apokriewe boeke gesag het nie?
Dis moeilike vrae wat ons soms laat dwaal in die egtheid en waarheid van die Bybel. Kom luister saam of ons werklik 'n 2000 jaar oue boek nog kan vertrou.

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 15 Mei
Bybelstudie 18:30

Woensdag, 16 Mei
Bybelstudie 09:00

Vrydag, 18 Mei
Manne-oggend 05:30

SONDAGAANDE: 2E KWARTAAL	
Datum	**Geleentheid**
13 Mei	Aandbyeenkoms
20 Mei	Aandbyeenkoms
27 Mei	Nagmaal
3 Junie	Aandbyeenkoms
10 Junie	Aandbyeenkoms
17 Junie	Aandbyeenkoms
24 Junie	Geen Aandbyeenkoms
1 Julie	Geen Aandbyeenkoms
8 Julie	Geen Aandbyeenkoms
15 Julie	Geen Aandbyeenkoms

facebook.com/GKTrinitas

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING
Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Kontak gerus vir Petra Tromp ☎0823316151 met enige vrae en voorstelle.

Efesiërs 6

JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6
Sondae 16:30: Graad 7 – 11
Beplanning vanaf Sondag, 15 April:
Graad 1 – 3: Eenheid 3-5
Graad 4 – 6: Eenheid 3-5
Graad 7 – 9: *Home and family; GENESIS*
Graad 10: Heidelbergse Kategismus

2 Familie

LIEF EN LEED

- Ons bid vir Ria du Plessis ☎0825057039 wat deur beproewing gaan weens gesondheidsprobleme.

- Alan Brotherton ☎0834685243 was in die hospitaal die afgelope week.
- Ons bid vir Ita Schrap ☎0768879456 wie se kankertelling meer is. Sy moet weer gaan vir behandeling.
- Op 6 Mei was Gert en Mariet Voges se 40e huweliksherdenking, maar saam met dit het sy die nuwe nier, wat die Here aan haar gegee het, se eerste jaar herdenk. Ons is dankbaar saam met hulle.

Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!

13/05	Okkie Geldenhuys	☎0835050334
13/05	Ankie Grimbeek	☎0839431100
14/05	Koos Jacobs	☎0839868135
14/05	Dolf Jonker	☎0845056464
14/05	Wimpi Pieters	☎0824657001
14/05	Lerina Terblanche	☎0798801928
15/05	Roelof du Plooy	☎0747235259
15/05	Michelle Hennop	☎0724618001
16/05	Marie Swart	☎0839435455
16/05	Ryno vd Westhuizen	☎0169822284
16/05	Katerien van Tonder	☎0823356698
17/05	Maurien du Toit	☎0824472039
17/05	Marelize Vorster	☎0833025496
18/05	Wilco Tromp	☎0847312067
19/05	Eddie Hohls	☎0824660851
19/05	Nicolette Voges	☎0824153388
20/05	Christie Strydom	☎0714357793

SPESIALE VERJAARSDAE
Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS
Geen.

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

TEESKINK
Vanoggend skink Elize du Plessis tee. Sondag, 20 Mei skink Lynette Roelofse se groepie. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep. Die volgende verjaarsdagtee vind op 2 September plaas.

BYBELSTUDIES
Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).
Woensdae om 09:00 by die kerkgebou.
(tensy anders per SMS gekommunikeer)

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

TRINITAS-BOEKHOEK
Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee. Franciska vd Merwe ☎0827818032.

FAMILIE-ETE, SONDAG 27 MEI
Die diakonie reël 'n spitbraai vir ons familie-ete op Nagmaalsondag. Kostes: Volwassenes/ hoërskoolleerlinge: R60. Laerskoolleerlinge: R40. Navrae: Rineke Visser ☎0718778260. Die kaartjies kan Sondae na die erediens by die Welkom-toonbank in die hoek in die saal gekoop

word. Bring jou gazebo, kampstoele, drinkgoed, poedingbakkies en –lepels, en vriende dan kuier ons weer lekker saam!

3 Dienskneg

OUDERLINGE AAN DIENS
Dewald Pieters, Nannes vd Walt

DIAKENS AAN DIENS
Christa Snyman, Casper J v Vuuren

KOLLEKTES
Onder die erediens vir Diakonale Kas
13/05 – Ekumenisiteitsfonds
20/05 – Emeritaatsfonds

GEHOORAPPARATE
Kan agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

MEDEWERKERS
Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

DIENSGROEPE
Agter in die saal, langs die welkom-toonbank, is daar plakkate met al Trinitas se huidige diensgroepe. Kontak gerus die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.



Koördineerder:
Gert Voges

Tel: 082 816 8577
E-pos: gvoges@telkomsa.net

Vervoer-span

Doel van die diensgroep

Om gemeentelede na en van gemeente geleenthede te vervoer

Bedieningsgeleenthede

- ✓ Bestuurders – om mense met die gemeente kombi te vervoer
- ✓ Saamry – om een of twee gemeentelede op pad na 'n geleentheid op te laai en weer af te laai
- ✓ Kombi was – help daarmee om die gemeente kombi mooi skoon te hou
- ✓ Aande – om mense te help om die aandbyeenkomste by te woon deur saamrygeleenthede aan te bied

Die HELPER

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om

gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak NF van Tonder ☎0823356698.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP
Indien jy belangstel om deel te word van die span, kontak vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741 of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.

KOSPAKKIE DIENSGROEP
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy enige van die volgende items aankoop **(plaas dit in die groot houer in die saal)**: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, baked beans, tamatie- en uiesmoor, sjampoe, toiletseep, koekie Sunlight seep, toiletpapier, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Baie dankie. Gee gerus jou naam aan Jolani Lourens ☎0823359586 om te kom help pak.

VERSPREIDING VAN KLERE
Kontak voorlopig vir NF van Tonder☎0823356698 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak met herwinbare items tydens kantoorure of Sondae af by die herwinningsarea agter die katkisasielokale. Kontak Maureen van Helden ☎0923922093 vir meer inligting.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR MEI
20 Mei. Diakonievergadering en Ouderlingvergadering
27 Mei. Nagmaal

GKSA NUUS
OP DIE KENNISGEWINGBORD
- Geopende Deure
- FEBA Nuus
- Skoolverlaterskamp 2018
- Docenda hulp benodig: NWU Graadkursusse

KLEIN ADVERTENSIES
• Wiskunde klasse. Elizma Powell ☎0792904140.
• Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop hoenders en groente.
•Danie en Marietjie Potgieter ☎0729363360 / 0169331438 verkoop tuisgemaakte koeksisters @ R30 per dosyn.

- Algemene herstelwerk, Renier de Beer ☎0748917646.

TRINITAS WORD 10 (2019)

Trinitas word 10 jaar oud in 2019 en ons beplan 'n groot fees. Hou die nuusbrief dop vir meer inligting!

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za

GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110
Koster: Elsa Prinsloo 0794778699
Afloskoster: Jan Swanepoel 0828422592
Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449
Diakonie bankbesonderhede:
ABSA Tjekrekening 530340457
Predikant: Peter Venter
☎0797338778
peter@gktrinitas.co.za

NATUURLIKE KERKONTWIKKELING

Liefdevolle verhoudinge

Hierdie agtste en laaste eienskap van natuurlike kerkontwikkeling lyk so maklik en eenvoudig, maar is die een eienskap wat so dikwels afgeskeep word. Ons verval in 'n denkpatroon van "elkeen vir homself" en neem nie mekaar in ag nie. Die gevolg is dat ons na jare in 'n gemeente steeds vreemdelinge vir mekaar is.

As ons dus waarlik 'n groeiende gemeente wil wees, moet ons 'n omgee-karakter kweek en werklik liefde teenoor mekaar betoon. Dit begin by eenvoudige optrede soos om mekaar te groet, om 'n onbekende gesig welkom te heet of selfs bloot net om jouself voor te stel aan iemand wat jy nog nie ken nie.

Hierdie liefdesgemeenskap is nie die taak van net sekere lidmate nie, maar van elkeen wat deel van die gemeente is.

NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daaroor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (Kerkorde Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kringe kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
    a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
    b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
    c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laatste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.

Kinder-erediensbegeleiding
Efesiërs 6

Kreatief:

IS JY GEKLEE VIR DIE GOEIE STRYD?

'n Nuwe identiteit in Christus

Tim Theron en Anneretha Combrink
(Kruispad-redaksie)

GOD rus jou toe met alles wat jy nodig het om 'n lewe van oorwinning te leef (Efesiërs 6:10-11). Hy wil jou in die voorste linies gebruik in die geveg teen die bose. Daarom is ons nie veronderstel om 'n weermag van gewonde, stukkende manskappe te wees nie. Die oomblik wanneer jy jou lewe onder Christus se gesag as Opperbevelhebber plaas, kry jy jou gevegs-kit. Wees dan sterk en vasberade, want jy het reeds die ...

Helm (Verlossing)

- Dit beskerm jou gedagtes teen onreinheid, moedeloosheid en leuens.
- Sodat jy 'n Koninkryksvisie sal hê.
- In *Saving Private Ryan* red 'n soldaat se helm sy lewe deur hom te beskerm teen 'n dodelike koeëlwond.

Gordel (Waarheid)

- Dit hou jou broek bo!
- Sodat jy kan bly staan teen gevoelens van ontblating en skaamte (shame) en ander leuens wat jou uit die geveg uit wil hou.
- Sodat jy onthou dat jy ást ware "aangetrek" is met Christus.
- Waarheid loop hand aan hand met Liefde.
- *Batman* het nie enige superpowers nie. Hy werk met gadgets wat hoofsaaklik aan sy belt vasgemaak word, wat hy gebruik om mense te red en te beskerm.

Skoene (Bereidheid om die Evangelie te verkondig)

- Sodat jy die ekstra myl sal loop vir dié wat verlore of verdwaal is.
- Sodat jy soos die herder in die gelykenis 99 skape sal los om die een wat weg is te gaan soek.
- In *We Were Soldiers* is die soldate se stewels 'n kardinale deel van hulle toerusting.

Swaard van die Gees (Die Woord van God)

- Vir aanval en verdediging.
- Jou krag en effektiwiteit as soldaat is opgesluit in die mag van jou Wapen.
- Sonder jou Wapen is jy useless in die stryd.
- Die mate van verskil wat jy in die oorlog maak, hang af van jou *skill* (hoe goed jy jou Wapen ken).
- Die legendariese swaard van William Wallace in *Braveheart* het 'n hele nasie opgeroep en aangespoor om te veg vir hulle vryheid.

Skild (Geloof)

- Dis die grootste beskermingsmeganisme van die Christen.
- Dit keer dat jy gewond word deur twyfel, sonde en leuens.
- Soos die warrior aan sy skild vashou, moet ons vashou aan die waarheid van God se belaftes.
- In *300* is die Spartane se skilde kritiese wapens waarmee hulle die Persiese oormag keer.

Borsharnas (Vryspraak)

- Die Here verwag van jou om reg te laat geskied, om liefde en trou te bewys, en om nederig voor God te lewe (Miga 7:8).
- Dit beskerm jou hart en emosies, sodat jy nie hard en bitter sal word nie, maar in liefde en regverdigheid sal leef, veral teenoor dié wat weerloos is.
- Sodat jy nie trots nie, maar nederig sal wees.
- Die held Achilles in *Troy* se borsharnas is baie kenmerkend. Hiermee weer hy die pyle van die vyand af, sodat hy nie uit die geveg hoef te onttrek nie.

«f»

Die Gladiator

- Soos in die fliek *Gladiator*, moet ons staan vir dit waarin ons glo, selfs tot die dood toe.
- Ons is nie veronderstel om mekaar deur haat en jaloesie te verwond en te vernietig nie, maar ons moet as 'n weermag van Christene saamstaan en mekaar beskerm deur gebed!